



Verwysing: 20160510-181

5/8/4/1/2

Navrae: A Henriques

Omsendbrief: 0020/2016

Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde:  
Kurrikulumkoördinerings en -advies, Kringbestuurders,  
Adjunkhoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Skoolhoofde van gewone  
openbare skole

Kort opsomming: *Aanlyn fasiliteit op die SOBIS vir skole om graad 1 tot 12 KABV-handboeke te bestel.*

**Onderwerp: Aanlyn fasiliteit vir die bestelling van graad 1 tot 12 KABV-handboeke**

1. Daar word van skole in die Wes-Kaap verwag om elke ingeskrewe leerder van 'n handboek vir elke vak te voorsien.
2. Ten einde te verseker dat alle leerders in elke skool handboeke vir elke vak in 2017 het, word skoolhoofde versoek om:
  - 2.1 hulle verwagte leerderinskrywings vir elke graad vir 2017 te bepaal;
  - 2.2 die verwagte getal addisionele leerders aan die begin van 2017 te bepaal, gebaseer op die tendense van die afgelope paar jaar;
  - 2.3 hulle handboeke se jaareind-retensiekoers van die afgelope paar jaar in ag te neem.
3. Die inligting in paragraaf 2 moet gebruik word om handboek-aanvullingsbestellings vir 2017 te maak.
4. Skole sal slegs een geleentheid tussen 30 Mei en 10 Junie 2016 kry om al hulle aanvullende handboeke te bestel met behulp van die aanlyn fasiliteit wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) daargestel word. Dit beteken dat skole tyd moet neem om hulle aanvullende handboekbehoefte noukeuring vir 2017 te beplan, met inagneming van al die faktore aangedui in paragraaf 2.

5. Die norme en standaard LOOM-fondse van skole sal gebruik word vir die betaling van aanvullende en leerdergroei-handboeke in Januarie 2017.
6. Indien skole nie voldoende norme en standaard-fondse beskikbaar het om te betaal vir al die aanvullende en leerdergroei-handboeke wat aanlyn bestel word nie, moet 'n aansoek om finansiële bystand by die WKOD ingedien word. Die aansoek moet op die aangehegte profielvorm voltooi word en die rede vir die versoek om finansiële bystand aandui. Hierdie profielvorm moet deur die skoolhoof onderteken en geskandeer word waarna dit teen 24 Junie 2016 aan [alletta.knipe@westerncape.gov.za](mailto:alletta.knipe@westerncape.gov.za) ge-e-pos moet word.
7. Skole word aangemoedig om hulle voorbereidings voor die aanlyn vasleggingstydperk af te handel en hulle aanvullende handboekbehoefte vanaf die dag wat die aanlyn stelsel op 30 Mei 2016 oop is, vas te vang.
8. Wanneer toegang tot die SOBIS verkry word, kies die "Administration"-opsie op die keuselys en kies dan "CAPS textbook top up" vanaf die aftuimellys. 'n Subkieslys sal verskyn wat toegang tot die vasleggingskerm en die "How to guide" sal bied. Skole word aangemoedig om, voor die vaslegging van die aanvullende handboekbestellings, hulself vertrouwd te maak met die inhoud van die "How to guide".
9. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op die SOBIS om vas te stel wie gekontak moet word indien enige probleme met die vaslegging van die aanvullende handboekbestellings ondervind word.
10. Sodra die bestelling aanlyn deur die skoolhoof geverifieer en afgeteken is, moet die skool 'n harde kopie van die bewys van die bestelling druk, kontroleer dat dit korrek is en in die skool se rekord plaas.
11. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** P A VINJEVOLD

**HOOF: ONDERWYS**

**DATUM:**2016-05-11